higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VOLHOUBARE TOERISME IN SUID-AFRIKA EN STREEKSREISE

NKR VLAK 3

(11011063)

19 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 1 bylae.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Nerv

VRAAG 1

1.1 Noem die hoofstede van die volgende lande:

1.1.1 Seychelle

1.1.2 Zimbabwe

1.1.3 Mosambiek

1.1.4 Mauritius

1.1.5 Namibië

(5 × 1) (5)

1.2 Watter tipe bestemmings is die lande wat hieronder genoem word:

1.2.1 Tanzanië

1.2.2 Kenia

1.2.3 Namibië

1.2.4 Seychelle

1.2.5 Botswana

(5 × 1) (5)

1.3 Lees die onderstaande artikel en beantwoord die vrae.

MOSAMBIEK

'n Vlug oor die Quirimbas-eilande van die noordooskus van Mosambiek het my sprakeloos gelaat. Behalwe die klank in die vliegtuig, het kamerasluiters verwoed geklik. Oorweldig deur die uitsig is dit onmoontlik om nie diep deur die gesig geraak te word nie. Die water skuif en verander van skakerings van blou en turkoois wat in mekaar loop soos 'n groot see van verf. Ons het in Medjembu, 'n eiland wat deur hotelle bedryf word, gebly. Daar is baie aktiwiteite, sou jy jouself van die russtoele kan losskeur. Vroeë oggendwandelinge word beloon met ongelooflike sonsopkomste en aktiewe voëllewe. Ek het regop ('stand-up paddling') op 'n see wat so plat soos 'n swembad is, gaan roei. Medjembu is 'n magiese plek waar bekommernisse en stres vergeet word en lewe buite die uitsig ophou bestaan.

Aangepas uit Sawubona Tydskrif, Junie 2016

1.3.1 Noem die bostaande tipe bestemming. (1)

1.3.2 Noem die groep eilande in Mosambiek. (2)

1.3.3 Beveel VIER aktiwiteite, behalwe voëlkyk en regop-roei, wat jy in Mosambiek kan doen. (4)

Kopiereg voorbehou

1.3.4 Stel EEN tipe toeris voor wat die bogenoemde vakansie-bestemming sal geniet. Gee EEN rede vir jou antwoord. (3)

1.3.5 Noem TWEE ander tipe akkommodasiefasiliteite wat toeriste kan bespreek wanneer hul reis. (2)

1.3.6 Verduidelik hoe jy vanaf Johannesburg na Maputo kan gaan sonder om 'n vlug te onderneem. (2)

1.4 Bestudeer die BYLAE (aangeheg) en benoem die lande/oseane wat 1–6 genommer is. (6)

[30]

VRAAG 2

2.1 Identifiseer die lande waarin die volgende park gevind kan word:

2.1.1 Moremi Nasionale Park

2.1.2 Chobe Nasionale Park

2.1.3 Serengeti Nasionale Park

2.1.4 Maputo Olifant Park

2.1.5 Masai Mara Nasionale Park

(5 × 1) (5)

2.2 Toeriste word algemeen in kategorieë, gebaseer op die doel van hul reis, geklassifiseer.

2.2.1 Beskryf elk van die volgende tipe toeriste:

(a) Avontuurtoeris
(b) Opvoedkundige toeris
(c) Kulturele toeris
(d) Sporttoeris
(e) Massatoeris

2.2.2 Gee EEN voorbeeld van 'n aktiwiteit wat elk van die bostaande toeriste, sal geniet.

(2 × 5) (10)

Kopiereg voorbehou

2.3 Noem VIER faktore wat 'n reisagent in gedagte moet hou wanneer die tyd en afstand om 'n spesifieke bestemming en besienswaardighede te dek beplan word. (4)

2.4 Verduidelik aan 'n toeris hoe die weer in Suid-Afrika is. (4)

2.5 'Ekskursies verloop nie altyd volgens plan nie.'

2.5.1 Motiveer die stelling hier bo. (3)

2.5.2 Verduidelik die rol van 'n reisagent wanneer ekskursies gekanselleer word. (4)

[30]

VRAAG 3

3.1 Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

Suid-Afrika is een van die belangrikste verantwoordelike toerismeleiers in die wêreld, met dosyne bestemmings waar gemeenskappe opgehef en die omgewing beskerm word.

Verantwoordelike toerisme in Suid-Afrika is 'n wonderlike manier om 'n positiewe verskil, deur reis, te maak.

Hier is 'n paar algemee toerismeriglyne:

1. Vermy vermorsing en oorgebruik
2. Gebruik plaaslike hulpbronne, bv. water in 'n volhoubare wyse
3. Handhaaf en moedig natuurlike, sosiale, ekonomiese en kulturele diversiteit aan
4. Wees sensitief teenoor die gasheerkultuur
5. Betrek die plaaslike gemeenskap in beplanning en besluitneming
6. Assesseer die omgewing, sosiale en ekonomiese impak voor daar op toerisme-ontwikkelings begin word
7. Verseker dat gemeenskappe betrokke by en voordeel uit toerisme trek

[http://www.southafrica.net/za/en/articles/entry/article-southafrica.net-responsible-tourism-in-south-africa]

3.1.1 Verduidelik elk van die volgende verantwoordelike toerismeriglyne wat 2, 4 en 7 genommer is. (6)

3.1.2 Stel VYF maniere voor waarop toeriste omgewingsverantwoordelik kan wees wanneer hul 'n hotel besoek. (5)

3.1.3 'Omgewings- en gemeenskapsgebaseerde NGOs speel 'n noodsaaklike rol in die ontwikkeling en verspreiding van omgewingspraktyke.'

Beskryf VYF rolle wat deur NGOs gespeel word. (5)

3.1.4 Noem VYF ander aandeelhouers in die toerisme-industrie. (5)

3.1.5 Stel DRIE toerismeprodukte voor waarin gemeenskappe betrokke kan wees om 'n inkomste te genereer. (3)

3.1.6 Verduidelik die belangrikheid van die verantwoordelike toerismeriglyn wat 5 genommer is. (3)

3.2 Skryf die volgende akronieme volledig uit:

3.3.1 NGOs

3.3.2 SMMEs

3.3.3 SEDA

(3 × 1) (3)

[30]

VRAAG 4

4.1 Voltooi die onderstaande tabel oor die verskillende feeste wat in Suid-Afrika gehou word. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

NAAM VAN DIE FEES	STAD WAAR DIT GEHOU WORD	TYD VAN DIE JAAR
4.1.1 …	Margate	Junie/Julie
4.1.2 …	Hermanus	4.1.3 …
Visrivierkanomaraton	4.1.4 …	4.1.5 …
Dusi-kanomaraton	4.1.6 …	4.1.7 …
4.1.8 …	Nelspruit	Julie
Mcufe-fees	4.1.9 …	4.1.10 …

(10 × 1) (10)

4.2 'Rommelstrooiery is 'n vorm van besoedeling. Die enigste kuur vir ROMMELSTROOIERY is JY.'

4.2.1 Stel VIER maniere voor waarop rommelstrooiery voorkom kan word. (4)

4.2.2 Noem VYF maniere, buiten rommelstrooiery, waarop 'n persoon skade aan die natuurlike habitat kan veroorsaak. (5)

Kopiereg voorbehou

4.3 Die meeste godsdienstige terreine gee streng protokolriglyne oor die verlangde gedrag en kleredragkode aan 'n persoon wat die terrein betree.

Noem VYF riglyne wat gevolg moet word wanneer 'n sinagoge binnegegaan word. (5)

4.4 Noem SES veiligheidswenke/voorsorgmaatreëls wat gevolg moet word wanneer daar in Suid-Afrika se strate gery word. (6)
[30]

VRAAG 5

5.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n woord/item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
5.1.1	Maleisies	A	Braaivleis, koeksisters, melktert, biltong
5.1.2	Afrikaans	B	Vleis, pap, stampmielies, bier, pens
5.1.3	Indies	C	Kerries, bobotie, breyani
5.1.4	Afrika	D	Kerrie, basmati-rys, poppadums

(4 × 1) (4)

5.2 Noem die tipe erfenis wat hieronder gelys word:

5.2.1 Die Kango-grotte

5.2.2 Rituele

5.2.3 Wieg van die Mensdom

5.2.4 Die Groot Vyf

5.2.5 Hector Petersen-gedenkteken

5.2.6 Robbeneilandmuseum

(6 × 1) (6)

Kopiereg voorbehou

5.3 'Ons leef in 'n tegnologiese era; daar is 'n groot hoeveelheid inligting beskikbaar om op hoogte te bly met alledaagse gebeure in jou stad.'

5.3.1 Noem SES voorbeelde van bronne wat jy kan raadpleeg om inligting te verkry. (6)

5.3.2 Stel VIER tipe addisionele inligting voor wat 'n toeris, behalwe besienswaardighede moet weet om 'n probleemvrye vakansie te verseker. (4)

5.4 Beveel SES maniere aan om jou begrip van 'n ander persoon se erfenis te verbeter. (6)

5.5 Toeriste wat Suid-Afrika besoek, vra dikwels kommentaar oor die nuus wat hul op televisie of in die koerante lees.

Gee VIER punte wat jy in gedagte moet hou wanneer op kontroversiële aangeleenthede wat in die nuus is, reageer. (4)

[30]

VRAAG 6

6.1 Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

OCEAN BLUE ADVENTURES PLETTENBERG BAY

Ocean Blue Adventures bedryf professionele bewaringsgerigte walvis- en dolfyn-mariene ekotoere. In samewerking met die Qolweni-gemeenskaps-ontwikkelingstrust word die klem van al ons bedrywighede op bewaring deur gemeenskapsontwikkeling, onderwys en navorsing geplaas. Ocean Blue Adventure se doelwit is om al ons gaste 'n holistiese werklike mariene ervaring te gee wat daarop gemik is om bewustheid van mariene soogdierbewaring te verhoog en die direkte behoefte om ons oseane realisties te bewaar.

[Aangepas uit: http://oceanadventures.co.za/eco-tourism]

6.1.1 Definieer die begrip *volhoubare toerisme*. (2)

6.1.2 Gee TWEE voorbeelde uit die bostaande uittreksel wat volhoubare toerisme ondersteun. (2)

6.1.3 Waarom dink jy is dit belangrik vir die nasionale en provinsiale regering om die bogenoemde marienetoere te reguleer en te monitor? (2)

6.1.4 Bespreek VIER behoeftes wat aandeelhouers in die bogenoemde onderneming in die ontwikkeling van volhoubare toerisme sal hê. (4)

6.1.5 Verduidelik die belangrikheid vir die bogenoemde onderneming om hoë diensstandaarde te verseker en te handhaaf. (3)

6.1.6 Klassifiseer die bostaande hulpbron as 'n skaars of gratis hulpbron. Motiveer jou antwoord. (2)

Kopiereg voorbehou

6.2 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae.

'n Toergroep wil die TWEE onderstaande toere om op een dag te doen, bespreek.

OCEAN BLUE ADVENTURES PLETTENBERG BAY

Dolfyn Ontmoetings
Duur: 1 uur 30 minute
Prys vanaf: R440 per volwassene, R220 per kind
Sien die seldsame boggelrugdolfyne ('Humpback Dolphins') in slegs sekere dele van die Suid-Afrikaanse kuslyn! U sal ook bottelneusdolfyne en gewone dolfyne sien. Ons sal u ook na die Robberg-robkolonie neem, waar u ongeveer 5000 robbe in hul natuurlike omgewing sal sien.

Kultuurdorpstoer
Duur: 1 uur
Prys vanaf: R200.00
Ervaar 'n Afrika-manier van lewe deur die alledaagse lewe van 'n ware Afrika te ondersoek; Met 'n begeleide toer kan jy interessante feite oor die Xhosa-geskiedenis en stamkultuur ondersoek.
Ontmoet die plaaslike kinders by die kleuterskool en word vermaak deur hul pragtige stemme in hulle sang. Kyk waar die plaaslike inwoners hul daaglikse noodsaaklikhede koop.

[Aangepas uit: http://oceanadventures.co.za/eco-tourism]

6.2.1 Verduidelik wat 'n halfdagekskursie is. (2)

6.2.2 Noem VYF items wat by die reisplan vir die toergroep wat op die bostaande ekskursies gaan, byvoeg kan word. (5)

6.2.3 Noem aspekte wat jy aan die toergroep, onder elk van die volgende opskrifte, sal verduidelik:

(a) Aard van die ekskursie (2)
(b) Wat hul moet saamneem (2)

6.2.4 Waarom is kulturele dorpsgebiedtoere baie gewild onder toeriste? (2)

6.2.5 Verduidelik primêre en sekondêre besienswaardighede. (2)

[30]

TOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou

BYLAE



Kopiereg voorbehou